# OB vind geen bewyse van geboorte van ‘Thembisa 10’

31 Des. 2022

Die openbare beskermer (OB) het bevind daar is geen bewyse dat Gosiame Sithole aan ’n tienling geboorte geskenk het nie en dat geen hospitale of medici hulle aan enige foutiewe gedrag skuldig gemaak het nie.

Adv. Kholeka Gcaleka, waarnemende OB, se verslag van 57 bladsye is Vrydag uitgereik. Die ondersoek spruit uit klagtes van Teboho Tsotetsi, die pa van die beweerde tienling, rondom allerlei aantyginge oor die behandeling wat Sithole tydens en ná die geboorte van die tien babas gekry het.

Die geboorte van die sogenaamde “Thembisa 10” het in Junie 2021 gou die wêreld aan die gons gehad nadat daar in die Pretoria News aanvanklik daaroor berig is. Daar is blitsig vrae oor dié geskiedkundige geleentheid gevra toe geen ander media die geboorte onafhanklik kon bevestig nie.

Volgens Gcaleka se verslag is daar geen bewyse dat Sithole op 7 Junie 2021 geboorte aan tien babas geskenk het nie, wat beteken sy is ook nie verhoed om die babas te sien nie, of dat sy teen haar wil vir geestelike waarneming gestuur is of dat haar privaatheid deur die Gautengse gesondheidsdepartement, maatskaplike werkers, die Ekurhuleni-munisipaliteit en die polisie geskend is.

Tsotetsi se klagtes sluit in dat sy vriendin se mediese inligting aan die media beskikbaar gestel is en dat sy onwettig deur die polisie aangehou is nadat sy deur sy familie as vermis aangemeld is.

Sy is ook glo teen haar wil vir waarneming by die Thembisa-hospitaal opgeneem. Haar ouer tweeling-kinders is glo ook sonder haar toestemming uit haar sorg verwyder.

Tsotetsi het beweer Sithole het op 7 Junie 2021 vir hom ’n boodskap gestuur en laat weet sy het tien babas gekry. Hy het dadelik vir Piet Rampedi, redakteur van Pretoria News, laat weet. Rampedi het die storie dieselfde dag nog gepubliseer.

Sithole het die gesondheidsdepartement ingelig van die “geboorte” en dat sy steeds in die hospitaal is. Die departement het toe ’n verklaring uitgereik wat die geboorte bevestig.

Tsotetsi beweer hy kon nie vir Sithole in die Steve Biko-hospitaal in Pretoria besoek nie weens Covid-19-maatreëls. Die babas was glo in broeikaste in die waakeenheid van die hospitaal.

Kort daarna is daar op verskeie platforms vermeld daar kan nie enige rekord van Sithole se opname in ’n hospitaal gevind word of van die geboortes nie.

“Bewyse tot die openbare beskermer se beskikking, naamlik die kliniese verloskundige- en ginekologiese verslag van die Thembisa-hospitaal, dui aan dat Sithole nie geboorte geskenk het nie en ook nie onlangs swanger was nie.”

Verdere bewyse toon dat sy nooit in 2021 by die Steve Biko-hospitaal opgeneem is nie. Dié hospitaal het net haar mediese verslae van 2014, met die geboorte van haar tweeling.

https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/aktueel/ob-vind-geen-bewyse-van-geboorte-van-thembisa-10-20221231